Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 15/12 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   - Vroeg in 2020 het me. Amanda Vosloo 'n projek geloods om die muur voor die gr. 1- en 2-klasse te verfraai. Me. Cynthia Zinn het ingestem om die muur te verf. Die projek is deur die loop van die jaar voltooi en lyk pragtig.

     Graag wil ons vir me. Amanda Vosloo bedank vir die inisiatief en fondse wat sy beskikbaar gestel het. Dankie ook aan me. Cynthia Zinn wat die muurkuns met presisie en passie voltooi het.
   - Baie dankie aan Mariaan Landman, van Spektrum, en Audrey Breedt vir die maak en verkoop van maskers ten bate van die Hoërskool McLachlan. Hulle het 236 maskers verkoop en McLachlan leerders gehelp om elke dag "gemasker" skool toe te kom.
   - 'n Groot dank aan die personeel en nie-doserende personeel vir hulle toegewydheid deur die jaar.
   - Ons het groot waardering vir die ondersteuning van ons beheerraad en borgekomitee.

2. **Personeelaangeleenthede:**
   Madelein Vangeel, Liesbet Erasmus, Sumique van Huyssteen, Miriam Chabeli en Martiens Jaftha verlaat ons aan die einde van die jaar. Baie dankie vir die bydrae wat julle gelewer het.

   Ons verwelkom Debbie de Jager (Rekeningkunde en Besigheidstudies – gr. 10-12), Lelanie Combrink (Eng FAL gr. 7-9 en LO gr. 7-9), Alwyn Boshoff (nutsman) en Bradley Kiewiets (busbestuurder). Ons vertrou dat julle baie gelukkig by HS McLachlan sal wees.

   Mnr. Pienaar sal waarneem as skoolhoof totdat die skoolhoofaanstelling gefinaliseer is.

3. **Kwartaalprogram – kwartaal 1:**
   Ontvang saam met hierdie nuusbrief 'n harde kopié van die 2021-kwartaalbeplanning Bewaar asseblief hierdie dokument deeglik om u ten alle tye op hoogte van gebeure te hou. Waar veranderinge moet plaasvind, sal dit in die weeklikse nuusbriewe gedoen word.

4. **Finansies:**
   Ons herinner ouers wat aftrekorders vir skoolfonds het daaraan om asseblief vroegtydig die veranderde bedrag by die bank reg te stel, sodat dit vanaf Januarie 2021 korrek sal wees.

herotel IGEN

Ons versoek ouers wat skoolfonds kontant betaal om dit verkieslik per EFT of andersins by die OTM te betaal, aangesien ABSA sy deure op 31 Desember 2020 sluit. Die verwysing op die betalings moet asseblief die kind se naam en van op hê. Skoolfonds en ander betalings kan nogsteeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

Aansoekvorms vir korting van skoolfonds sal vanaf 1 Februarie 2021 by mev. Mattheus beskikbaar wees. Die vorms moet voor 15 Februarie 2021 aan die skool terugbesorg word. Dit is belangrik dat al die vereiste dokumente aangeheg word, en dat die vorm deur die ouer en 'n kommissaris van ede gestempel en geteken word. Indien die ouer werkloos is, moet 'n verklaring by die polisie afgelê word en dit moet by die aansoekvorm aangeheg word. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die aansoekvorm om korting by die skool aan te vra.

Busgeld vir die 1ste kwartaal 2021 is vooruitbetaalbaar en moet teen 15 Februarie 2021 betaal wees om te verseker dat leerders van die busdiens gebruik mag maak.

Kopieerkoste beloop R500,00 per leerder per jaar en moet teen 15 Maart 2021 betaal wees, andersins sal die betrokke leerder nie verder fotostate kan ontvang nie.

Die handboeke en skryfbehoeftes is gratis, behalwe vir die Rekeningkundewerksboeke vir graad 8/R100,00 en graad 9/R140,00, asook 'n paar addisionele skryfbehoeftes wat op die onderskeie vorms aangedui sal word.

Ons wil weereens ons opregte dank uitspreek teenoor ouers wat gedurende 2020 gereeld skoolfonds betaal het – selfs onder moeilike finansiële omstandighede. Hierdie ouers het verseker dat HS McLachlan sy deure kon oophou en kwaliteitonderrig aan leerders kon verskaf.

Betaalbare gelde – 2021:
Tydens die algemene jaarvergadering is die betaalbare gelde vir 2021 soos volg goedgekeur:

- Skoolfonds:
  - Skoolgeld beloop **R1 075,00 per maand vir 10 maande.** Betaalbaar van Februarie tot November. (Totaal van **R10 750,00 per jaar**)
  - Geen glyskaal vir aantal kinders
  - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R830,00** per maand. Betaalbaar Januarie tot Desember.
  - **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R9 675,00** (voor 31 Jan. 2021)
  - Glyskaal gegrond op gesamentlike bruto-inkomste van beide ouers.

- Busgeld: (per kwartaal)
  Daaglikse roete

Misgund	R2 080
Louterwater	R1 860
Krakeel	R1 640

Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
ABSA Joubertina
Rekeningnommer: 1970 430047
Takkode: 334415
Verwysing: Kind se naam en van

5. **<u>Klerebank</u>**:
   Tye: Donderdae vanaf 14:30 – 15:00

   Die klerebank sal vir u gerief ook op Maandag, 25 Januarie, en Dinsdag, 26 Januarie, vanaf 13:00 – 14:00 oop wees.

6. **<u>Sport</u>:**
   Die sportveld sal tydens die skoolvakansie gesluit wees.

   Laerskoolsport sal in 2021 voortgaan soos gebruiklik tydens skoolure op die gegewe rooster.

   Hoërskoolsport sal voortgaan.

   Geen ouer/toeskouer word toegelaat tydens sportoefeninge of byeenkomste nie.

   <u>Kleuresport</u>:
   As gevolg van COVID-19 en die vinnige verspreiding van die virus is die kleuresport in die weegskaal. Volgens die Kougaskole-atletiekdatumlys moet die byeenkoms teen 30 Januarie 2021 afgehandel wees.

   Geen optogte van kleurgroepe, massadeelname of toeskouers word toegelaat nie. Geen aflosse word gehardloop nie.

   Slegs Hoërskool McLachlan se beste en opkomende atlete asook nuwe leerders en die atlete wat in 2020 aan die Koukamma-atletiekbyeenkoms deelgeneem het, mag inskryf. Al die 0/7's sal 'n geleentheid kry om uit te hardloop.

   Op Vrydag, 29 Januarie, is daar geen skool nie. Die velditems vir hoër- en laerskoolatlete word dan afgehandel. Op Saterdag, 30 Januarie, vind al die baanitems plaas. Slegs atlete wat verder in atletiek wil vorder, word aangemoedig om in te skryf. Busvervoer is beskikbaar.

   <u>Tye</u>:

   - <u>Vrydag, 29 Januarie</u>: Normale bustye
     07:30 Skandering
     08:00 Aanvang van byeenkoms [veldnommers]

   - <u>Saterdag, 30 Januarie</u>: Normale bustye
     07:30 Skandering
     08:00 Aanvang van byeenkoms [baannommers]

   Indien daar te veel atlete vir 'n sekere item is, sal ons ongelukkig na 2020 se uitslae moet kyk om te besluit wie gaan deelneem.

   Die jaarlikse SOK-atletiekbyeenkoms is deur Uniondale afgestel.

   <u>Ander tentatiewe atletiekdatums:</u>
   - Subsones – 2 Februarie 2021
   - Koukamma laerskool – 5 Februarie 2021
   - Koukamma hoërskool – 6 Februarie 2021

herotel IGEN

7. **<u>Bestuurskomitee en Verteenwoordigende Raad van Leerders 2021</u>:**
Graag wil ons die nuutverkose leerderleiergroep van 2021 met die laaste nuusbrief van 2020 aan ons leerders en ouers bekend maak. Die laerskool se Bestuurskomitee (BK) en die Hoërskool Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) vervul 'n onmisbare rol in ons skoolomgewing tussen leerders en personeel, maar ook na ons breë gemeenskap. Hulle is ook amptelik deur die skolewet 'n struktuur in ons skool om by te dra tot 'n gesonde, gedissiplineerde, funksionele en gelukkige skoolgees. Weens die Covidregulasies kon ons nie 'n amptelike prestige geleentheid skep vir die aankondiging en oorhandiging van hulle balkies en erekleure nie – daarom hierdie eerste amptelike aankondiging en gelukwensing aan die demokratiesverkose leiers.

<u>BESTUURSKOMITEE – LAERSKOOL</u>

Hoofdogter:	Mienke Bester
Hoofseun:	Kevin Kennedy
Ander lede:	Gemma Pienaar
	Kiera de Gouveia
	Feyolin Kapank
	Lienke Murray
	Charmoné Landman
	Hermi Vosloo
	Constandt Crous
	Marlu Kritzinger
	Divan Landman
	Pieter Mostert

<u>VRL – HOËRSKOOL</u>

Hoofdogter:	Zo-lyn Hunter
Hoofseun:	Johan Strydom
Graad 12:	Vernitha Draai
	Suré Ferreira
	Porsha Khewu
Graad 11:	Clinay Maarman
	Zack Strydom
Graad 10:	Miencke Strydom
	Keagan de Lange
Graad 9:	Elri van Jaarsveld
	Sese Khova
Graad 8:	Gerbri Ferreira
	Johan Gerber

Baie geluk aan hierdie leerders en hulle ouers/voogde met die posisie.
Ons wens is dat dit 'n verrykende en leersame ervaring van eer en verantwoordelikheid sal wees.

8. **<u>Registerlokale – 2021</u>**:

Gr.12	Saal – Mev. Bredenhand
Gr.11	Lokaal 2 – Mnr. Schlechter
Gr.10	Lokaal 4 – Mev. Kritzinger
Gr.9	Lokaal 23 – Mev. Combrink

herotel IGEN

Gr.8 Lokaal 3 – Mej. Strydom
Gr.7 Lokaal 7 – Mev. Roberts
Gr.6 Lokaal 20 – Mnr. Terblanche
Gr.5 Lokaal 21 – Mev. Ferreira
Gr.4 Lokaal 25 – Mev. Strydom

9. **Covid:**
Praktiese reëlings 2021 :

Prosedure voor skool:
Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:
Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:50 – 12:40
3, 7, 8, 10, 11	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40
4, 5, 6, 9, 12	Skuifhek (Pfaffstraat)	Skuifhek (Pfaffstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40

Graad 1,2,3:

- **Graad 1-,2- & 3**-leerders gebruik soggens by die skool die bushek. Die hek word om 07:30 oopgesluit en om **07:50** toegesluit.
- **Graad 3**-leerders verlaat die skool om 14:15 deur die **bushek.**
- **Graad 1- & 2**-leerders verlaat die skool om 12:40 deur die **klein hekkie.** Hulle word na die hekkie vergesel deur 'n onderwyser. Die hekkie word oopgesluit en weer om 13:00 toegesluit. Ouers moet asseblief hul kinders betyds by skool kom haal. GEEN LEERDERS MAG WAG TOT 14:15 NIE, BEHALWE LEERDERS WAT VIR DIE SKOOLBUSSE WAG. Ouers moet asseblief vervoerreëlings met privaat vervoer tref.
- Elke klas is in 2 groepe verdeel – GROEP A en GROEP B. Die groepe sal op die klas se whatsapp- groep uiteengesit word.
- **Groep A begin op Woensdag, 27 Januarie 2021 en groep B begin op Donderdag, 28 Januarie 2021**

herotel IGEN

Graad 4,5,6,7,8,9,10,11:

Klasindeling:

Uit die aard van die omstandighede moes ons aanpassings aan die rooster en klasindelings maak. Dit werk as volg:

- Ons volg die 10-dagrooster soos uitgewerk vir 2021. U kind sal hierdie rooster ontvang.
- Elke klas is in 2 groepe verdeel. Die indeling van die groepe is op die klas se whatsapp-groep uiteengesit.
- Maak seker in watter groep u kind ingedeel is.
- Elke dagrooster word herhaal sodat albei groepe dieselfde onderrig kry. Die groepe kom op alternatiewe dae skool toe en die rooster word gevolg totdat die 10 dae voltooi is.
- GEEN leerder sal toegelaat word om tussen groepe te skuif nie.
- Daar sal geen saal en VCSV gedurende kwartaal 1 wees nie. Dag 1, periode 1 sal dus vir akademie aangewend word.
- Elke leerder sal 'n rooster ontvang vir die verandering van dag 1, periode 1. Die volgorde van die 10-dagrooster is ook daarop uiteengesit.
- **Groep A begin op Woensdag, 27 Januarie 2021 en groep B begin op Donderdag, 28 Januarie 2021.**

Graad 12

- Graad 12-leerders kom almal elke dag skool toe.

Covid-19-riglyne:
'n Leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende simptome toon:

- Koors
- Hoes
- Rooi oë
- Asemhalingsprobleme
- Liggaamspyn
- Moegheid of swakheid
- Verlies aan reuk en smaak
- Naarheid
- Braking

Ouers moet die skool **dadelik** hiervan in kennis stel en 'n kliniek- of doktersertifikaat skool toe stuur. Ek vra asseblief alle ouers en leerders se samewerking in hierdie verband.

Addisionele veiligheidsreëlings om Covid 19 se verspreiding te beperk:

Indien **enige persoon in u huishouding** getoets is vir COVID-19 en u wag op u uitslag, moet u asseblief NIE u kind(ers) skool toe stuur nie. Sodra die uitslag **NEGATIEF** is, mag u kind(ers) weer skool toe kom. Indien die uitslag **POSITIEF** is, moet u en u huishouding vir ten minste 10 dae in isolasie wees. **Ek doen ‘n vriendelike, dog ernstige beroep, op u as ouers om die skool in kennis te stel indien u kind afwesig is a.g.v. Covid-19-toetsing in u huishouding.**

HS McLachlan wend ‘n poging aan om te keer dat die virus versprei. Ouers en leerders moet asseblief verantwoordelik optree – vermy sosiale kontak en dra maskers.

Geen persoon anders as leerders en beamptes (personeel) mag die skoolterrein betree sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie. Ouers moet asseblief die sekretaresse kontak vir ‘n afspraak met die skoolhoof en personeel.

herotel IGEN

10. **<u>Busse</u> :**
    Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus 'n masker dra.

Bustye:	Misgund	06:50
	Louterwater	07:05
	Krakeel	07:20

Ek wens die ouers en leerders van HS McLachlan ‘n geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige 2021 toe.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

McLachlan Internet Fasiliteit Borg